6 Oktober 2023

Beste Kollegas

**Versoek om Voorstelle[1]**
**Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig (Finlo)**
**Sluitingsdatum: 17 November 2023**

Die Universiteit Stellenbosch (US) bied deur die Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig (Finlo) aan personeel die geleentheid om onderrig, leer en assessering (OLA) te verryk. Dit strook met beide huidige Onderrig- en Leerbeleid (2018) en die nuwe konsep-Onderrig-en-Leer-beleid (2023), wat die bevordering van ŉ leergerigte institusionele omgewing, waarbinne OLA-interaksies en -kurrikulum kan floreer, beklemtoon. Die fonds is in 2005 gevestig om ŉ kultuur van innovasie en navorsing in OLA aan die Universiteit aan te moedig. Die fonds bied aan dosente die geleentheid om doeltreffende OLA-praktyke en -prosesse te innoveer en te evalueer, en om OLA-uitdagings, -oplossings en -tendense te ondersoek. Dit voorsien ook ŉ meganisme vir die verspreiding van uitslae wat ontwerp is om die gehalte van OLA te verbeter. Enige dosent, span dosente of sentrum wat vir OLA verantwoordelik is, kan aansoek doen.

Finlo word twee maal per jaar deur die Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA) toegeken. Voorstelle word tot op hoogstens R60 000 gefinansier. Bykomende finansiering vir internasionale medewerkingsprojekte wat aan spesifieke vereistes voldoen, is by die Universiteit Stellenbosch Internasionaal (SUI) beskikbaar. Daar word aanbeveel dat hierdie gevalle met die SUI bespreek word. Die skakelpersoon is Sarah Jane van der Westhuizen by die Sentrum vir Globale Betrokkenheid (sarahvdw@sun.ac.za).

Die US se akademiese en steunpersoneel word hiermee uitgenooi om voorstelle vir die finansiering van navorsings- en innovasieprojekte wat beoog om OLA aan die US te verryk, en gerig is op die hersiening, herontwerp en hernuwing van die akademiese aanbod, in te dien. Hierdie fokus moedig besinning met die oog op die hervorming en verbetering van OLA aan. Die webblad vir die Afdeling Leer- en Onderrigverryking gee antwoorde op *vrae wat dikwels* oor OLA *gevra word*.

**Die huidige versoek van November 2023 moedig voorleggings vir**
**(1) longitudinale navorsingsprojekte; en**
**(2) medewerkende OLA[2] en -projekte en navorsing binne en tussen vakgebiede, departemente en modules aan, in ooreenstemming met die spelwisselaars ten opsigte van hernuwing aan die US.**

**Longitudinale navorsingsprojekte** – Die Finlo-komitee sal projekte finansier wat as longitudinale projekte gekonseptualiseer word (of dit as sodanig aanbeveel). Longitudinale benaderings is "gepas vir die ondersoek van verskynsels wat met die verloop van tyd verander, soos ontwikkelingsprosesse, response op intervensies en tendense in die samelewing" (Plano Clark et al., 2015)[3]. Finlo sal instem om die bedrag wat aangevra word, in fases (gereserveer) te finansier, onderhewig aan alle verslagdoeningsvoorwaardes.

Die Finlo-komitee sal ook projekte finansier wat verband hou met **medewerkende OLA-praktyke en navorsing** en wat met die US se strategiese tema van "Netwerk- en medewerkende onderrig en leer" belyn. Binne die US konteks

[1] This document was translated from English by the SU Language Centre.

[2] Vir meer inligting oor 'onderrigmedewerking' in die US konsteks, kontak finlo@sun.ac.za. ŉ Professionele ontwikkelingsgeleentheid kan gereël word om 'n potensiële weg te oorweeg vir ŉ toekomstige aansoek om ŉ US Medewerkende Onderrigtoekenning.

[3] Plano Clark, V.L., Anderson, N., Wertz, J.A., Zhou, Y., Schumacher, K. en Miaskowski, C., 2015. Conceptualizing longitudinal mixed methods designs: A methodological review of health sciences research. *Journal of Mixed Methods Research*, 9(4), bl.297-319.

verwys ‘medewerkende OLA’ na ’n holistiese, dinamiese proses wat interdissiplinêre spanwerk en betrokkenheid aankweek, en die uitdagings van die regte wêreld en transformasie weerspieël om toekomsgerigte denke te inspireer en ’n positiewe impak op die samelewing te bewerkstellig. ‘Medewerkende OLA’ integreer diverse perspektiewe oor OLA, terwyl volhoubaarheid van projekte deur deurlopende kritiese besinning oor die verryking van OLA-praktyke verseker word[4]. Newell and Bain (2018: 17)[5] verwys na twee of meer partye (dosente) wat aan ’n OLA-projek saamwerk om ’n gemeenskaplike doel of wederkerige voordeel te bereik. Voorts omskryf Lock et al. (2016)[6] ‘medewerkende onderrig’ heel gepas as onderrigmedewerkers wat hulle vaardighede en bevoegdhede na die medewerkende verhouding bring op só ’n wyse dat ’n OLA-dinamika geskep word wat groter is as wat individueel bereik kan word.

**Akademiese Hernuwing** is in 2021 deur die Rektoraat as een van die US spelwisselaars uitgeken en in 2022 verder deur die forums vir institusionele en uitvoerende beplanning verfyn. In Februarie 2023 is ’n aantal fokuspunte (klik hier vir ’n grafiese opsomming van alle fokuspunte), wat eie is aan akademiese hernuwing vir ’n transformerende studente- en personeelleerervaring, gespesifiseer. Finlo-voorstelle wat strook met die onderstaande fokuspunte, word aangevra, maar is nie daartoe beperk nie:

- **Programhernuwing** – Die US stel ’n premie op die gehalte van sy akademiese aanbiedinge, waaronder OLA-praktyke, deur die deurlopende hersiening, herontwerp en vernuwing van akademiese programme en modules, om ’n transformerende studente-leerervaring te fasiliteer. Dit is noodsaaklik om aspekte van dekolonisasie en/of maatskaplike geregtigheid, inter-/multi-/transdissiplinariteit en wêreldwye-netwerkleer[7] as deel van programhernuwing in te sluit (raadpleeg die nuwe konsep-Onderrig- en Leerbeleid (2023)). Die US poog ook om ’n kontinuum van leergeleenthede aan ’n diverse verskeidenheid studente te bied. Gegewe die unieke postpandemiese konteks en die behoefte aan buigsaamheid (pas, plek, modus en skaal), kan voorstelle aspekte en dimensies van hierdie konteks in ooreenstemming met Finlo-riglyne verken. Hibridiese leeraanbiedinge sou een voorbeeld hiervan wees. Klik hier vir toegang tot meer inligting op die HL-webblad.

- **Assessering** – Assessering is ’n integrale deel van die OLA-proses. Kritiese oorweging van assesseringspraktyke is belangrik vir die bemagtiging van leer en die ondersteuning van ’n transformerende studente-ervaring. Akademiese Integriteit (AI) en die gebruik van leertegnologieë vorm deel van hierdie oorweging, veral in die lig van nuwe ontwikkelings in Kunsmatige Intelligensie (KI), bv. ChatGPT. Belyning met die 2022 Assesseringsbeleid word aanbeveel (raadpleeg die US Assesseringsbeleid en die meegaande verduidelikende Infografika).

- **Graduandi-eienskappe** – Die samelewing, universiteite en werkgewers kom tans voor unieke situasies te staan, wat sal lei tot ’n verandering in die profiel van voorkeurgraduandi en -werknemers. Die VUCA-uitdagings (wisselvallig, onseker, kompleks, dubbelsinnig) plaas die behoefte aan die ontwikkeling van studente se toekomsgereedheid op die voorgrond en vereis dat doelbewuste aandag geskenk word aan, byvoorbeeld, die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD) om ’n einde te bring aan armoede, die omgewing en die planeet te beskerm, en teen 2030 vrede en voorspoed vir alle aardbewoners te verseker. Elke VOD weeg maatskaplike, ekonomiese en omgewingsvolhoubaarheid teen mekaar op. Dit verg dat pertinente aandag aan die bepaling van toekomstige stategieë vir hoër onderwys geskenk moet word. Hoe kan ons die huidige graduandi-eienskappe van die US/nuwe konsep-graduandusprofiel van die US in die akademiese aanbod integreer – binne en buite die klaskamer – om studente as burgers van die een-en-twintigste eeu te ontwikkel en om hulle volle potensiaal met graduering te verwesenlik? Die konsep-US graduandusprofiel is hier beskikbaar.

- **Studentesukses** – Studentesukses word holisties beskou as deel van ’n reis (van ons eerste kontak met voornemende studente af, totdat hulle afstudeer en die rol van alumni aanvaar) waartydens studente deur ’n transformerende studente-ervaring begelei en ondersteun word (HOR 2014:ii en hersiene konsepbeleid vir

4 Hierdie omskrywing is die uitkoms van ‘n literatuurstudie en werksessie in Maart 2023, waar ’n groep US akademici tydens ’n dinkskrum oor die konsep van ‘medewerkende’ OLA aan die US daarmee te voorskyn gekom het.

5 Newell, C. en Bain, A., 2018. *Team-based collaboration in higher education learning and teaching: A review of the literature*. Bathurst: Springer.

6 Lock, J., Clancy, T., Lisella, R., Rosenau, P., Ferreira, C. en Rainsbury, J., 2016. The lived experiences of instructors co-teaching in higher education. *Brock Education Journal*, 26(1).

7 Wêreldwye-netwerkleer – Projekte wat met die US se strategiese visie vir die vestiging van doeltreffende medewerking deur vennootskappe en netwerke met internasionale instellings ooreenstem en dit beklemtoon, en wat bydra tot uitnemendheid in leer, onderrig en assessering. Voorbeelde sluit in virtuele uitruilings of medewerkende aanlyn internasionale leer. Sodanige projekte kan om bykomende finansiering aansoek doen en kan bykomende konsultasies tussen die aansoeker en US Internasionaal vereis.

onderrig en leer). As ’n leerinstelling met ’n leergerigte benadering, begelei en ondersteun die US studentesukses deur die beste geleenthede en bemagtigers vir verrykte leerervarings aan te bied. Die verlengde kurrikulumprogram, eweknie-leer, studenteterugvoer, ko-kurrikulumaanbiedinge en so meer, is voorbeelde van sodanige bemagtigers.

**Hoe om vir Finlo aansoek te doen**

Vul die 2023 elektroniese aansoekvorm hier in. Slegs aansoeke op hierdie elektroniese vorm sal oorweeg word. U kan die onaktiewe weergawe van die aansoekvorm hier besigtig.

Let veral op die riglyne en kriteria vir die aansoek om Finlo-finansiering wat hier beskikbaar is.


Klik hier vir die Bestuursregulasies van die Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig (Finlo).

Alle aansoeke word deur die **Finlo-komitee** oorweeg:

- Dr Nicoline Herman, Direkteur: Sentrum vir Onderrig en Leer, nherman@sun.ac.za
- Dr Anthea Jacobs, Senior adviseur: Sentrum vir Onderrig en Leer, jacobsa@sun.ac.za
- Dr Taryn Bernard, Senior dosent: Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, tbernard@sun.ac.za
- Dr Jan Petrus Bosman, Direkteur: Sentrum vir Leertegnologieë, jpbosman@sun.ac.za
- Prof Ashraf Kagee, Professor: Departement Sielkunde, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, skagee@sun.ac.za
- Prof Elize Archer, Hoof van die Simulasie- en Kliniese Vaardighede-eenheid, Waarnemende direkteur: Sentrum vir Gesondheidsberoepe-onderwys, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, elizea@sun.ac.za
- Prof Shantelle Weber, Senior dosent: Praktiese Teologie en Missiologie, Fakulteit Teologie, smweber@sun.ac.za
- Prof Gretha Steenkamp, Senior dosent: Skool vir Rekeningkunde, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, gvn@sun.ac.za
- Dr Zelda Barends, Senior dosent: Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde, zbarends@sun.ac.za
- Prof Robbie Pott, Professor: Departement Chemiese Ingenieurswese, Fakulteit Ingenieurswese, rpott@sun.ac.za

Vir meer inligting, kontak Finlo by finlo@sun.ac.za.

Vriendelike groete



Dr Nicoline Herman
Direkteur: SOL
e: nherman@sun.ac.za